# Informa

Maart 2005 - 2 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

# Employment Equity Policy approved

"The Employment Equity Policy went through a lengthy consultation process of three years before it was unanimously adopted by the UFS Council on 11 March 2005," said Mr Billyboy Ramahlele, Director: Diversity and Equity at the UFS.

It is an important milestone in the UFS's transformation process to develop key policies relating to diversity and equity, alongside other important policies like the language policy.

The policy is a key element in recognising, appreciating, managing and harmonising diversity in a balanced way and respects the UFS's values of academic freedom and autonomy, equity, integrity, excellence and service orientation.

"Individual staff members, trade unions, the senate and management had an opportunity to make inputs in shaping the policy and in three instances faculties and support services also had opportunity to review the policy as it was unfolding.

"The features of the policy for the UFS are to locate parallel-medium teaching within employment equity, to integrate skills development, to mentor and grow our own black academics within the policy and to involve faculties and support services in developing their own plans within the framework of the overarching university plan.

"The Employment Equity Policy supports the transformation plan of the university and it helps the UFS to realise its diversity objectives. The employment equity committees and the Transformation Task Team will work together on issues relating to transformation and equity.


"The Employment Equity Policy is also seen as a human-resources development strategy and is fully integrated into the Human Resources Department. Faculties and support services with the support of the Human Resources Department will draw up their own employment equity plans with their own employment equity committees. An integrated plan will then be drawn up for the whole university," Mr Ramahlele said .

The policy recognises the historical context of the UFS's employment practices. Conscious of South Africa's legacy of discrimination, the UFS is committed to implement an employment equity programme that will adequately address the effects of past employment related discrimination in a fair and balanced way.



*'n Spesiale ontbyt is gehou vir almal wat betrokke was by die reëlings vir die UV-eeufees wat in 2004 gevier is. Dit is gehou op 18 Maart 2005, presies 55 jaar na die onafhanklikheidswording van die UV. Hier kry mnr. Jan Ras, eeufeesorganiseerder, erkenning van die Rektor, prof. Frederick Fourie, vir sy reuse-bydrae in die eeufeesjaar.*

Employment Equity... continue p2.



# Guidelines for Vista reconfiguration approved

Human resource development (teaching and training) will be the primary aim of services to be rendered at the reconfigured Vista campus of the UFS.

This in-principle decision forms part of a set of guidelines for the strategic reconfiguration of the Vista campus in Bloemfontein that was recently approved by the UFS Council.

Prof. Magda Fourie, Vice-Rector: Academic Planning at the UFS said: “One of the most important aspects that resulted from these guidelines is that we have come to a point where I can say that the future of staff at Vista is not dependant on the strategic reconfiguration of the campus. Vista staff members will stay staff of the UFS and are being integrated into the functions of the main campus.”

“According to the guidelines, the reconfiguration of the Vista campus must occur within the ambit of the UFS as a single institution with three campuses,” said Prof. Fourie.

Besides servicing pipeline students the UFS is currently offering two activities on the Vista campus – the regional Centre for Recognition of Prior Learning (RPL) and the Sesotho Language Research and Development Centre.

According to Prof. Fourie no duplication of services or programmes being rendered on the main campus in Bloemfontein will take place. In the guidelines, suggestions are made that the Vista campus could be used for activities that are currently offered on the main campus (e.g. short learning programmes), new UFS activities (mainly of a developmental and entrepreneurial nature), cooperative partnership ventures with other role-players and the renting of facilities for education and training purposes.

“However, no definite decisions have been made about these possible activities – the necessary consultation process with relevant stakeholders and role-players must first take place. A consultative forum for this will be established early in the second term of this year,” said Prof. Fourie.

“We are excited about the possibilities that have arisen from the guidelines as it fits in with our vision to utilise Vista as a resource for education and training and to contribute to higher education in the Free State. This will also contribute to the development of human resources as a propelling force in the central region,” said Prof. Fourie.


Employment Equity... from p1.

In order to create an equitable work environment for all its staff members the university established a set of guiding principles. They are fairness, a culture of respect for human dignity, sensitivity and a sense of belonging, non-marginalisation, empowerment, avoidance of tokenism, transparency, accountability, consistency, communication and consultation and availability of resources to ensure the support and realisation of this policy.

The Employment Equity Policy will provide a firm foundation for the implementation of employment equity in ways which complies with the law but also respects the rights of all staff members, and cherishes principles like fairness.

“The policy also calls on creative means of making a parallel medium policy a reality without marginalising any grouping. The UFS, through its Employment Equity Policy strives to promote and maintain an environment that empowers its entire staff and students to achieve their highest potential without fear of prejudice or bias,” said Mr Ramahlele.

## Briewe • Letters • Briewe • Letters •



### Klappe in koerant uitgedeel

**Sê-maar-net skryf:**
Dit raak lekker hier op die Bult, dink ek nou die dag toe ek die brief “Taal van kursusse aktueel” in *Volksblad* van 16 Maart 2005 lees. Dit is een van talle briewe oor die Departement Geskiedenis se M-graad wat net in Engels aangebied word.

Verbeel ek my of kom een departement die ander sommer so via die koerant by?

Mens moet maar versigtig wees dat jy nie so skerm vir Afrikaans dat die taal regtig dood gaan nie.

### ’n Das wat netjies pas?

**Net nog ’n vrou sê:**
Gender-onsensitiwiteit vier nog lekker hoogty op die kampus te midde van transformasieprosesse en ’n beleid oor billike indiensneming.

Ek verwys na die “eeufeesdas” waarvan ’n beperkte hoeveelheid vir die “belangrike mense/mans” in een kleur en nog ’n hoeveelheid vir die “minder belangrike mense/mans” in ’n ander kleur gemaak is. Al’s goed en wel, maar wat van vroue wat seker in die “mins belangrike” kategorie val? Het iemand dalk al agter gekom dat vroue nie dasse dra nie.

Gaan daar dalk ’n eeufees-iets vir vroue gemaak word? Of tel ons nie?

## Aanstellings en bevorderings

**Mnr. Arno van Niekerk** is as Junior Sportbestuurder aangestel.

**Dr. A.M. Sindane** is as voorsitter van die Departement Openbare Bestuur aangewys.

**Dr. B. Huysamer** is vir ’n tydperk van drie jaar as programdirekteur in die Skool vir Opvoedkunde aangestel.

**Proff. S.A. Strauss** en **Helena van Zyl** word albei as sekundusdekaan aangestel.

**Prof. N.K.L. Hundt** word as buitengewone professor in Organiese en Bio-analitiese Chemie aan-gestel.

Geaffilieerde lektorskap word aan **drr. P.S. van den Berg, P.J. Kenney, W.M. Oosthuysen** en **S. Yiga** verleen.

**Dr. T.A. Rasengane** van die Departement Optometrie word tot medeprofessor bevorder.

**Drr. R. van Buuren en G.W. van Vuuren** word as besoekende professor aangestel.

# Lengau Agri Centre auction a success

The Faculty of Natural and Agricultural Sciences of the UFS applied its competence to lighten the problems faced by the agricultural sector in a provincial and national context, as well as an Africa-wide context. "We have therefore adopted a strategy of community empowerment," said Prof. Herman van Schalkwyk, dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences at the University of the Free State, during the first auction that took place at the Lengau Agri Centre on 25 February 2005.

The Faculty owns three farms, Sydenham, Paradys and Kolbe. Prof. van Schalkwyk said that redesigning the UFS's experimental farms to accommodate the socio-economic needs of the community is both an academic and a development necessity. A proposal was prepared to use the farms for agricultural expansion, research, training and community outreach.

The partnership programme for training and mentorship of small and emerging farmers was initiated by and implemented at the Lengau Agri Centre, previously the Sydenham experimental farm.

The Faculty proposed to implement a set of interventions geared towards human capacity development, skills upgrading, income generation, and tourism development, in a practical, hands-on fashion.

"The UFS, the Mangaung Local Municipality and the National African Farmers' Union are working together to achieve refreshing and different socio-economic solutions, which will again be an inspiration to the people of Mangaung," said Prof. van Schalkwyk. The auction is one of the results of the many endeavours of this partnership.

The auction was a big success and the possibility of holding an auction every last Thursday of the month, is being considered.

Prof. van Schalkwyk said, "This project will contribute towards finding answers to capacity constraints of newly settled and emerging farmers in order to enhance their productivity, promote rural job creation and stimulate the local economy and eventually other parts of the Free State Province and the country as a whole".



*The UFS and NAFU are working together to achieve refreshing and different socio-economic solutions. From left are Prof. Herman van Schalkwyk and Mr Thabo Pietersen, President of NAFU in the Free State and National President of the South African Local Government Association.*

# Gadeversekering vir mans én vroue

Vroue kan voortaan ook hulle eggenote verseker nadat die UV die bepalings van die vorige skema verander het. "Jare gelede het die UV 'n eggenoteversekeringskema ingestel. Die doel van die skema was om te help om die finansiële las te verlig as 'n werknemer se vrou hom ontval. Die versekerde bedrag is vasgestel op een maal die pensioengewende verdienste van 'n personeellid en was betaalbaar na die dood van die personeellid se eggenote," sê prof. Niel Viljoen, Hoofdirekteur: Bedryf aan die UV.

"Later is getroude dames gevra of hul ook aan so skema wil behoort, want die universiteit het besef dat getroude dames wat permanente poste beklee soortgelyke finansiële laste as hul manlike kollegas het wanneer hulle man hul ontval. Die poging om dames te laat deelneem aan die versekering is laat vaar, want weens verskeie redes was die versekeraar nie bereid om die skema teen die gekwoteerde premie in te stel nie, maar teen 'n hoër premie.

"Huidiglik het die tussen 400 en 450 getroude mans wat permanente poste beklee 'n skema waarvolgens hul eggenotes se lewens vir een keer hulle salarisse verseker is en waarvan die helfte van die premie deur die universiteit betaal word. Die ongeveer 600 getroude dames aan die UV behoort nie aan so skema nie.

"Om die situasie reg te stel het bestuur aanbeveel dat die huidige eggenoteversekeringskema ontbind, dat 'n nuwe eggenoteversekeringskema onmiddellik daarna ingestel word en dat die voordele dieselfde as die van die ou skema sal wees en dat bestaande permanente administratiewe en akademiese personeellede, mans sowel as dames, 'n eenmalige onherroeplike keuse om aan die nuwe skema te behoort, gebied word. Alle nuwe permanente aanstellings wat verplig is om aan die groepversekeringskema te behoort sal verplig word om hul gades, as hulle getroud is of later in die huwelik tree, in die nuwe skema te verseker.

"Die premie-aanduiding is voorlopig en sal sodra die ouderdomsverspreiding van die groep vasgestel is, bepaal word," sê prof. Viljoen.

Die verandering in die diensvoorwaardes is met beide UVpersu en NEHAWU bespreek en deur altwee aanvaar.

# Geniet maar ’n stukkie rooivleis

’N Opwindende ontdekking deur navorsers in die buiteland is dat die vleis van herkouers soos skape en beeste gekonjugeerde linoleïensuur (CLA) bevat. “Eksperimente met laboratoriumdiere het getoon dat CLA die immuunsisteem versterk, kanker voorkom, die voorkoms van hartsiektes verlaag, bloedsuikervlakke verbeter, bloedcholesterol verlaag en ook kan dien as ’n gewigsverlies hulpmiddel,” sê dr. Arno Hugo, van die Departement Mikrobiese- Biochemiese en Voedselbiotegnologie aan die UV. Dr. Hugo wat spesialiseer in vleiswetenskap en -tegnologie het vanjaar ’n oorkonde van die Vrystaatse Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) ontvang vir sy navorsing oor rooivleis.

Dié ontdekking is goeie nuus vir boere as mens in gedagte hou dat die jaarlikse per capita verbruik van rooivleis in Suid-Afrika van 40kg in 1960 na 19 kg vandag afgeneem het. Volgens dr. Hugo is die beeld van rooivleis geknou omdat die verbruiker stelselmatig oortuig is van die bydrae van rooivleis tot vet in die dieet.

“Meer navorsing dui daarop dat rooivleis nie al die negatiewe gesondheidskonnektasies verdien wat dikwels aan hom toegedig word nie,” sê dr. Hugo. Baie van die negatiewe persepsies rondom rooivleis gaan oor die versadigde vetsuurinhoud en cholesterol. Dr. Hugo sê, “Dit is waar dat verhoogde bloedcholesterolvlakke geassosieer is met verhoogde risiko van hartsiektes. Dit is egter ook waar dat ’n porsie van 100g gaar maer beesvleis maar ongeveer ’n derde bydra tot die mens se daaglikse aanbevole inname van cholesterol.”

“’n Dieet ryk aan mono-onversadigde vetsure word aan die verbruiker voorgehou as die ideaal. Olyfolie bevat byvoorbeeld ongeveer 75% mono-onversadigde vetsure. Die verbruiker weet egter dikwels nie dat die vet van rooivleisspesies ook ongeveer 40% mono-onversadigde vetsure bevat nie. In ’n eetlepel olyfolie is daar ook meer versadigde vette as in ’n 100g porsie maer beesvleis.”

“Verbruikers weet nie altyd dat die vet van alle rooivleisspesies ook poli-onversadigde vetsure bevat nie. In die geval van monogastriese diere soos varke kan daar deur die voeding van die dier te manipuleer die hoeveelheid poli-onversadigde vette in die vleis verander word. Etlike navorsingsprojekte in hierdie veld is alreeds aan die UV voltooi of is in die proses van voltooiing. Voedingmanipulering is al gebruik om die tegnologiese eienskappe van vetweefsel van varke te verbeter. Deur voedingmanipulering kan die vetsuursamestelling van varkvleis ook so gemodifiseer word dat dit ryk is aan CLA of selfs omega-3 poli-onversadigde vetsure, soos in vis, wat as baie gesond beskou word. Met dieselfde positiewe gesondheidseffek kan dit dan moontlik wees om in die oggend eerder ’n repie spek te eet in plaas van om ’n salmoliepil te sluk.

“Ek glo dat al die bewyse daar is om die verkeerde persepsies rondom rooivleis die nek in te slaan en die verbruiker daarvan bewus te maak dat rooivleis ’n positiewe en noodsaaklike rol kan speel in ’n gesonde lewenstyl,” sê dr. Hugo.



Dr. Arno Hugo

# Internasionale samewerking werp lig op Beloofde Land

Prof. Yehoshua Gitay van die Ben-Gurion Universiteit in Israel het as navorsingsgenoot van die Departement Afro-Asiatiese Studie, Gebaretaal en Taalpraktyk ’n besoek aan die UV afgelê. Dit is deel van internasionale samewerking wat vir akademici aan die UV van groot belang is, sê prof. Phillip Nel van die betrokke departement.

As spesialis in die Bybel, Judaïsme en Retoriek het prof. Gitay insiggewende lesings gelewer. Die Beloofde Land is ’n belangrike tema in die Bybel. Dit raak al die verhale in die Bybel en speel ’n groot rol in die moderne politieke situasie in hedendaagse Palestina. Sy vrou, dr. Tzfira Gitay, het as kunshistorikus lesings gegee oor die uitbeelding van die Beloofde Land in die kuns. Sy het lig gewerp op die invloed van kunstenaars se belewenis van hulle eie wêreld en hoe hulle Bybelse gebeure geskilder het. Kleurvolle skyfies van talle bekende skilderye het getoon hoe die verskillende kunstenaars die Bybelse verhale interpreteer.

Die lesings het onder voorsitterskap van prof. Phillip Nel plaasgevind.

*Deur Lizette Hofmann*

# Registrasieproses het "dramaties" verbeter

"In totaal het daar tydens vanjaar se registrasieproses 22 480 studente op die hoofkampus in Bloemfontein en die Qwaqwa- en Vista-kampusse geregistreer. Uit die totaal was 3 056 nuwelingeerstejaars. Teen 8 Maart 2005 is die registrasieproses ten opsigte van voorgraadse studente, maar nie nagraadse studente, afgehandel," sê mnr. Vernon Collett, Registrateur Akademiese Steundienste aan die UV.

"Einde 2004 was daar 25 697 studente geregistreer waarvan 3 717 nuwelingeerstejaars was. Vanjaar se syfers is minder in vergelyking met verlede jaar, maar daar moet ingedagte gehou word dat nog studente tydens die tweede registrasieproses in Julie sal registreer, wat die syfer sal opstoot. Registrasies van nagraadse studente moet ook nie buite rekening gelaat word nie," sê mnr. Collett.

Alhoewel daar uitdagings geïdentifiseer is wat aangespreek moet word, was vanjaar se registrasieproses 'n dramatiese verbetering op verlede jaar. Dit was ook die eerste keer dat studente op die nuwe sagteware van die UV, PeopleSoft, geregistreer is.

Tydens 'n nabetragtingsvergadering onder leiding van prof. Niel Viljoen, Hoofdirekteur: Bedryf aan die UV, was die aansoek- en keuringsproses ten opsigte van afsnydatums onder bespreking. Mnr. Collett het aangedui dat hy die afsnydatum vir aansoeke sal wil vervroeg. Hy het ook gesê dat besluite wat die registrasieproses raak te laat geneem word. Dit het 'n impak op die hele proses.

Die beginsel van inligting en akademiese advies aan voornemende studente sal ook aangespreek word in die toekoms.

Alhoewel die opleiding van personeel en tydelike personeel 'n uitdaging was, het vanjaar se registrasieproses goeie praktyke opgelewer. Registrasie van studente in die Callie Human het 'n eenstopdiens aan studente gelewer waar alles wat hul nodig gehad het om te registreer aan hul gebied was onder een dak.

Mnr. Collett bedank elke personeellid, asook tydelike personeel, wat met harde werk, lang ure en onder groot druk aan die registrasieproses deelgeneem het. "Julle is die sukses van die registrasieproses," sê hy.

# Romeo en Juliet bibber in Pavlodar, Kazakhstan

Met nagtemperature van so laag as -41°C grade kos dit deursettingsvermoë om Romeo en Juliet sover te kry om op 'n oop balkon amoreus te raak! Maar dit is wat prof. Nico Luwes, Hoof van die Departement Drama aan die UV, reggekry het met sy regie-ervaring van die Shakespeare-opvoering in Pavlodar, Kazakhstan, net suid van Siberië in Januarie vanjaar. Die opvoering was 'n klinkende sukses en maak deel uit van die repetoire van die teater vir die volgende paar jaar.

Prof. Luwes was deur die direkteur, mnr. Victor Avvakumov van die Chekhov Russiese dramateater, genooi om die toneelstuk met Russiese akteurs en tegnici in Russies af te rig.

"Na 'n vlug na Omsk is die 300km sneeupad gevat na Pavlodar. Met die aankoms in die pragtige teater in Pavlodar is ek begroet deur 'n puik tolk, Nina Belova, wat ook Juliet sou speel, en 'n uiters entoesiastiese groep spelers en tegnici wat nie een Engels kon praat nie! Internasionale teatertaal het spoedig ingeskop en met 'n paar sleutelwoorde in Russies en Nina se tolking van opdragte, die hulp van Alexander Rhedenko as gevegsregisseur en Olga Dolgov as choreograaf, kon ons die stuk se eerste deurloop na 'n week ervaar.

"Ons eie Noel Stockton se musiekkomposisies het veel bygedra tot die atmosfeer en tydens die res van die repetisie is klank en beligting ingevoer totdat ons na drie weke gereed was om te open op 23 Februarie. Wat die emosionele inlewing en visuele betref kon ek goed oordeel, maar het tog die direkteur ingeroep om te kom luister na die poetiese lewering van die teks. Na 'n sweetsessie van nege uur is ons almal genooi vir 'n glasie wodka deur die stralend, gelukkige en tevrede Victor Avvakumov.

"Die wonderlike vriendskappe wat gesmee is en die voorreg om met so'n professionele en toegewyde groep mense te kon werk, was 'n lewens- en artistieke ervaring sonder weerga", sê prof. Luwes.

Die finale redigering van die video word tans voltooi en sal binnekort op DVD in die biblioteek beskikbaar wees, sou kollegas graag na die opvoering wou kyk.



*Prof. Nico Luwes met Alexander Doubinin as Laurence, Dimiitry Domorochshenov as Romeo en Nina Belova as Juliet.*

# Skool van Opvoedkunde bemagtig in navorsing

Die Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur (VOB) van die Skool vir Opvoedkunde het prof. Phillip van der Westhuizen genooi om op 7 Maart 2005 'n werkswinkel op die UV-kampus aan te bied met die oog op die ontwikkeling van navorsingsvaardighede en die skryf van artikels. Hierdie inisiatief vorm deel van 'n reeks inisiatiewe van die Skool vir Opvoedkunde om die personeel van die skool op die terrein van navorsing te bemagtig.

Prof. Van der Westhuizen is die redakteur van die *South African Journal of Education* asook die hoof van die skool vir Nagraadse Opleiding aan die Noordwes-universiteit (Potchefstroom kampus).



*By die werkswinkel was van links prof. Van der Westhuizen, prof. Rita Niemann, Hoof en Dept. Voorsitter van VOB, prof. Isak Oosthuizen, Dept. Onderwysreg aan die Noordwes-universiteit, dr. Zendré Swanepoel, Dept. Psigo-opvoedkunde aan die UV, prof. Charl Wolhunter, Dept. Vergelykende Opvoedkunde aan die Noordwes-universiteit en prof. Steve Niemann, Hoof van die Skool vir Opvoedkunde.*

# Die "Extreme Biochem" span vaar Stellenbosch in

Die personeel en studente van die "Extreme Biochemistry-groep" verbonde aan die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie het vroeg in Januarie 2005 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Biochemie en Molekulêre Biologie (SAVBMB) in Stellenbosch bygewoon. Vier dosente en elf nagraadse studente het Kovsies by die kongres teenwoordig, waartydens drie praatjies en nege plakaatvoordragte gelewer is.

Die kongres het verskeie navorsingsvelde, insluitende plant, mediese, mens en wynbiochemie gedek. Die "Extreme Team" se werk is baie uniek aan Suid-Afrika en het baie aandag getrek. Die groep het ook baat gevind by die blootstelling aan ander Biochemie-velde en daar is nuwe saamwerkgeleenthede tydens die kongres geskep.

Die "Extreme Team" sien ook uit om by die volgende SAVBMB-kongres aangewys te word as die volgende vlugbalkampioene, maar vir 2005 voel hulle tevrede met goeie bywoning en nuwe kennis.



*Van die "Extreme Biochemistry" groep in Stellenbosch is voor van links: mnre. Dirk Opperman, Godfrey Tlou, Faranani Ramagoma, prof. Derek Litthauer, dr. Bethuel Nthangeni, mnre. TG Barnard, Mieder Forster en Armand Bester. Agter van links is mes. Elsabé Botes, Christelle Möller, Jacquiline van Marwijk, Landi Mabizela, Maria Mudau, dr. Esta van Heerden en dr. Lizelle Piater.*

# Koppie koffie met...



## Leef elke dag voluit
## sê prof. Rita



*Prof Rita Niemann.*

Prof. Rita Niemann, wat al vir 17 jaar aan die UV verbonde is, is aan die begin van 2005 aangestel as departementshoof vir die Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur in die Skool vir Opvoedkunde van die Fakulteit Geesteswetenskappe. “Dit is vir my ’n besondere uitdaging en sover geniet ek elke dag daarvan,” sê sy.

Alhoewel sy die eerste vrou is wat die bestuur van dié departement oorneem deins sy nie terug vir die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan nie. “Gehaltewerk is vir my baie belangrik, ten opsigte van myself en my personeel. Ek het egter ’n wonderlike departement met uiters bekwame en hardwerkende personeel. Dit is mense wat nie bang is om hard te werk nie. Ons strewe om ’n departement van uitnemendheid te wees en om in onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens aktief betrokke te wees,” sê prof. Niemann.

Sy sê dat dit maklik was om bestuur oor te neem by haar voorganger, prof. Robbie Brazelle, want alles in die departement het reeds op geoliede wiele geloop. Die goeie verhoudinge en sin vir humor tussen die personeel dra ook by tot die sukses van die departement,” sê prof. Niemann.

Dit blyk dat prof. Niemann ook graag gehalte sal wil deurtrek na die res van die onderwyssektor. Haar visie vir die onderwyssektor is om goed opgeleide skoolhoofde te sien wat die probleme in die onderwys sal kan aanspeuk deur ’n kultuur van gehalte en toewyding te vestig. “Onderwysbestuur se bydrae is om die bestuurders in die skole toe te rus vir hul taak. Die sukses van ’n skool hang grootliks van die doeltreffende bestuur daarvan af en daarom is ons kursusse op nagraadse vlak daarop toegespits om by die studente die nodige bestuursvaardighede te kweek,” sê prof. Niemann.

Tussen haar administratiewe take, vergaderings, sessies met haar nagraadse studente en navorsing is prof. Niemann besig met haar MBA. Sy het voorheen ook haar Ph.D in Onderwysbestuur aan Kovsies voltooi, wat gehandel het oor die *bestuur van verandering deur vroueonderwysbestuurders.*

Haar positiewe uitkyk in haar werk reflekteer ook op ander gebiede in haar lewe. Twee en ’n half jaar gelede was sy gediagnoseer met borskanker. Na ’n operasie het sy ook chemoterapie en bestraling ontvang. Hoewel sy nou ‘skoon’ is, sê sy: “Die siekte het my uitkyk op die lewe verander. Elke dag is ’n genadegawe van God. Ek glo ook dat elke dag ’n nuwe uitdaging in werk sowel as die lewe bied. Die lewe is ’n vreugde en ek geniet elke uitdaging wat op my pad kom. Ek het ’n baie positiewe lewensingesteldheid en weet net ek leef nou en daarom moet ek die beste daarvan maak. Ek is geneig om elke dag baie vol te pak, want ek glo ’n mens moet elke dag voluit leef,” sê sy.

Prof. Niemann is baie lief vir haar huis en hou nie daarvan om met vakansies weg te gaan nie, want dit is al tyd wat sy kry om te bestee aan aktiwiteite soos lees en naaldwerk waarvoor sy andersins nie tyd kry nie. Sy is getroud met haar kollega, prof. Steve Niemann, Hoof van die Skool vir Opvoedkunde aan die UV en het een seun, wat Ingenieurswese by Tukkies studeer.

Na ’n week se opwinding by die kantoor en laat nagte se studies geniet sy dit om saam met vriende en familie te kuier. ’n Lekker kuiertjie in ’n koffie kroeg of koopterapie laat haar ook ontspan… wanneer sy die tyd vind.

# New security measures announced

The management of the UFS strengthened security on the main campus on Bloemfontein. The first step was to introduce a security guard at each of the women’s residences.

According to the Rector and Vice-Chancellor, Prof Frederick Fourie, this step and other measures that are being planned are aimed at improving the overall security situation on the main campus.

“The security guard at each women’s residence will be on duty from Mondays to Thursdays from late in the afternoon to midnight and on Fridays, Saturdays and Sundays from late afternoon until 01:00.

Suggestions for further measures to implement security services at certain areas or selected pedestrian routes on the main campus will be considered early in the second term. Following this, the main campus’s security strategy will again be discussed and reviewed as a matter of urgency.

“The aim of this all is to again strengthen and sustain the main campus, within reasonable limits, as a safe environment,” said Prof Fourie.

Mooirivier
Makelaars /Brokers

SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING
SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE

*Puik dienslewering deur persoonlike kontak,
effektiewe eisebestuur en risiko
beperking, wat lei tot lae premies
en u gemoedsrus te bied.*

*Excellent service delivery through
personal contact, effective claims and risk management,
which results in lower
premiums to give you peace of mind.*

Kontak ons by Tel (051) 447 6877 Faks (051) 447 5758 of
e-pos aan mmbloem@mweb.co.za
Contact us on Tel (051) 447 6877 Fax (051) 447 5758 or
e-mail mmbloem@mweb.co.za

Hollard
SELECT BROKERS

# Hang-ups, stress en... spookstories!

Dagsê

Die UV het die laaste tyd heelwat publisiteit in die dagblaaie gekry. Van skerp kritiek tot pryssange oor hoe Ons-ou-plekkie hier verkeerd handel en dáár weer op die voorpunt van uitnemendheid is. Al wat ek weet is dat dit nie *vyekonfyt, soetpatats en snoek* is om altyd in volle beheer te wees van alles en nog wat in hierdie komplekse besigheid van universiteitwees nie. Niks is ooit volmaak nie.

Ek het eenkeer 'n predikant hoor sê dat dit partykeer maar uiters moeilik is om almal en al hul streke en opinies opreg *lief te hê* – soos wat die Groot Boek vereis. Maar toe kom hy met 'n mooi sêding: "Partykeer is dit ook goed as 'n mens dit net opreg *goed bedoel* met jou medemens." Goed bedoel... met jou uitsprake, optrede en opinies.

Daar lê vir Bultjie nogal 'n groot waarheid in. So met die lees en ore uitleen dag ek toe – almal bedoel dit eintlik ten goede! Om op koers te bly. Daarom vat 'n mens die kritiek in die gees wat dit kom en maak weer, soos die Kalaharimense sê, *spoeg bymekaar* en kyk vorentoe *met spoed met spoed!*

Dis is nou een ding van die dosentekorps – kyk, hulle kan lekker *moan en groan* oor dubbele lading van klasse, naweekopofferings op vêr plekke, adminstratiewe take wat afgewentel word en voortdurende verandering van staatsbeleid. Maar hulle doen hul werk, dikwels teen minder vergoeding as dosente van ander universiteite.

Maar luister waaroor hulle *moan en groan*. Luister fyn! Soos die Hollanders sê: *Wat sit daaragter?* En jy kom sowaar agter hulle *moan en groan* oor dié dinge wat hulle verhinder om hulle werk nóg beter te doen.

So! Hulle *bedoel dit goed*! Nou vriende, as dit die geval is dan kan julle maar vir 'n vale *moan en groan* – tot die UV tops in die land is!

Maar vriende, pas tog julle gesondheid, geestelike en emosionele welstand en julle families en vriende op! Net jy kan dit doen! *Vir die UV alles, maar nie ten koste van jou menswees nie.*

Yes! Let's all get balance again and have fun at this place! Let's reinstate the year-end party for all and crack a few *Kasteeltjies.* Let's go *bossies* at a *Bosberaad* entitled, *Fun for all*. Activities could include: 1. How to shove your blindfolded boss off a bridge – bungee jumping! 2. How to share a liquorice drop with someone you fancy on campus without using your hands! 3. How to tickle your colleagues till they laugh themselves into hysterics, while they're reading their pay slips! 4. How to sit in dead silence in the veld or on a koppie, watching birds and listening to a soft wind over the Free State *vlaktes.*

Yes! The evening can be rounded off with *Soutribbetjie – geëet-met-'n-knipmes, Potjie-with-dommelinge* and *Kloof* coffee in a *outydse koffiesakkie*, served in a *blikbeker* around a big campfire – *hoog gestook* with all the old *strategiese beplanningspapiere* and government policies on Higher Education that became outdated two weeks before it could be implemented.

*Magtig mense!* What a fire there will be, my Countrymen!

And then we'll tell *Spookstories!* Régte spookstories met ander soorte monsters en bangmaakgoeters as dié wat ons so dikwels, en meestal so onnodig, vir onsself opmaak in die normale lewe. En ons maak mekaar skrik oor nonsens en ons lag soos in die ou dae toe ons kinders was. Want toe't ons geweet, niks is so erg as wat ons dink dit is nie. Môre is nog 'n dag... en daardeur sal ons ook kom. Want Hy bedoel dit goed met ons.

Ns. Ek doen vanaand vanaf stap 4 hierbo met Mammie en sal rapporteer of dit gewerk het, kinders!

Bultjie

# Bourekenkunde word besoek



*Die president van die Vereniging van Bourekenaars het die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur besoek. Van links is mnr. Hendrik van Vuuren, mnr. Stephan Ramabodu, mnr. Lindile Mteza (president), me. Benita Kotze en prof. Basie Verster (departementshoof).*

# Agri-outreach has reached out!

The Programme for Agricultural Information Service (PRAIS) got a new Kovsie! Mr Julius Siwale from Zambia saw the information on the Centre for Sustainable Agriculture and Rural Development in **Agri-Outreach**, the bi-monthly newsletter issued by PRAIS.

Although the Question and Answer Service delivered by PRAIS, in co-operation with the Library and Information Service of the University of the Free State and Sabinet, receives many requests for distance learning, (under- and post-graduate), Mr Siwale was the first student to enroll.

For more information on PRAIS, visit the website at: http://www.uovs.ac.za/support/library/prais/index.php



*During the PRAIS orientation seminar are from the left Ms Mia Kirsten, Centre for Sustainable Agriculture and Rural Development, Prof. A.T.P. Bennie, guest speaker, Department Soil and Crop and Climate Sciences, Ms Mpei Mokoena, teacher from Bloemfontein, Mr Pierre Vercueil, farmer from Stella, and Mr Julius Siwale, Agricultural Research Officer, Department of Agronomy, Zambia.*

## Nog maniere om te spaar, sê Huibrie

"Met die herfs wat rondom ons sigbaar is en vir my die mooiste van al die seisoene is, wil ek graag 'n paar punte onder u aandag bring, sê mev. Huibrie du Toit van Mooirivier Makelaars.

"Ons wil u graag versoek om seker te maak dat elke motor wat by Mooirivier Makelaars verseker is, die Mooirivier-plakker op die agterruit het. Indien u huis beveilig is met 'n alarm en u ook nog van 'n reaksiemag gebruik maak, kan u tot 30% korting kry.

"Ons het 'n aantal weerligskade-eise gehad die afgelope paar maande. Dink daaraan om weerligbeskerming aan te bring om so u skade te beperk. Gesels gerus met ons as u onseker is hoe om voorkomend op te tree.

"Die winter is net om die draai en dan is dit weer tyd dat pype bars en warmwaterstelsels buitewerking raak. Gaan dit na en kyk of daar nie slytasie is nie.

"Indien u graag wil hê ons moet u polis vir u hersien, skakel my vir 'n afspraak by 0824458280. Weet dat Mooirivier Makelaars se personeel altyd tot u diens is en dat enige navraag nooit te groot of te klein is om te antwoord nie."

Gedagte vir die maand: Don't say, "If I could, I would." Say, "If I can, I will."

# 'Voorkoming is beter as genesing'

'N Welstandseminaar word aangebied vanaf 11-13 April 2005 deur Kovsiegesondheid en Kovsie Maatskaplike Dienste.

"Ons sien daagliks baie mense met stres, angstoestande en depressie. Dié week is 'n bewusmakingsaksie om dié en soortgelyke toestande te voorkom, want voorkoming is beter as genesing," sê suster Riana Johnson van Kovsiegesondheid.

Die welstandsweek is 'n inisiatief van Kovsiegesondheid, Kovsie Maatskaplike Dienste in samewerking met die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling (SHOSO) vir 'n uitgebreide program. ABSA borg die program.

Werkswinkels sal in beide Engels en Afrikaans aangebied word. Dr. Arien van der Merwe, me. Maretha Delport en me. Elmine du Toit sal onderskeidelik werkswinkels oor stres, balans in werk en lewensstyl en voeding aanbied. Daar word ook 'n sessie oor fisiese welstand by UV Biokinetika aangebied.

Die program is beskikbaar in pamfletvorm en op die intranet. Vir verdere navrae kontak mee. Arina Otto by x3325, Lenie Kotzé by x3258 en Riana Johnson by x3514.



*Van links is me Claire Norman, Konsultant: Groepbemarking en Kommunikasie, ABSA, suster Riana Johnson, Kovsiegesondheid, mnr. Johan Möller, Streeksbestuurder: ABSA-gesondheid en Konsultante, me. Arina Otto en Lenie Kotzé albei van Kovsiegesondheid.*

# UFS thanks the local police

The University of the Free State, Qwaqwa campus, recently held a function to thank the local police for the relationship that exists between them. The occasion was held at the Qwaqwa campus. The Chief Director: Community Services, Rev Kiepie Jaftha, and Mr Teboho Manchu represented the management of the university.

"The Free State University has done a lot of engagement with the local community and we hope to continue with this exercise.

"The Qwaqwa campus of the UFS is in its third year of incorporation, and we are relying on the support of the local stakeholders for its growth," Rev Jaftha said.

Mr Daniel Motsoeneng, SAPS Director in the Eastern Free State said, "This shows that the university recognises the importance of the South African Police Service in the Eastern Free State. We would like to see the university being part of the Community Police Forums."




*Mr Daniel Motsoeneng (Director of SAPS Eastern Free State) and Mr Teboho Manchu (Deputy Director Student Affairs).*

# Pioniers of slagoffers?

Dat ons groot veranderinge beleef in hoe ons in ons land saamwoon en saamwerk, is 'n werklikheid. Maar die vraag is *Kan ons pioniers wees en die terrein verken oor hoe ons konstruktief op hierdie kampus kan saamwerk en saamleef, of is ons bloot slagoffers wat meegesleur word?* Kan ons met mekaar 'n soort sosiale ooreenkoms bereik? "Só maak ons hier"?

Mnr. Johan Fleischmann van die Con Brio-trust en fasiliteerder van die "Sosiale Kontrak"-werkswinkels sê met dié werkswinkels wil ons met mekaar oor hierdie vrae praat. Ons skryf "Sosiale Kontrak" in aanhalingstekens, want een saak wat werkswinkel na werkswinkel uitkom is dat geen papierkontrak enige nut sal hê as die waardes waarop ons ooreenkom nie ook in ons harte geskryf staan nie. Waarop ons ooreen kon kom sal uiteindelik iewers neergeskryf moet word in 'n soort manifes, credo of ooreenkoms – iets om ons te herinner en koers te laat hou.

"Tot dusver het ongeveer die helfte van die personeel die "Sosiale Kontrak"-werkswinkels bygewoon. Ook die verkose studenteleiers het hulle kans gekry. En natuurlik kry mens uiteenlopende terugvoer – van "lewensveranderend" tot " 'n mors van tyd". Maar tussen hierdie uiteenlopende kommentaar deur, is die meerderheid dit eens dat die gesprekke ons *bewus* gemaak het van, *insig* gegee het in en *mede-eienaarskap* laat aanvaar het vir hoe ons hier konstruktief saam werk en saam leef.

"Dit lyk of diegene wat die werkswinkels tot dusver bygewoon het, oor die algemeen nee sê vir 'n gedetailleerde rigiede dokument wat ons l3ewe in detail probeer reël, maar ja vir iets soos 'n credo of manifes; ja vir 'n universiteit waar mense billik, gelyk en regverdig behandel word; ja vir 'n hoë-kwaliteit instelling; ja vir meertaligheid en nee vir diskriminasie in enige vorm.

"Maar om hierdie dinge te *sê* is een ding, om so te *leef* is 'n ander saak. En dit kan mens ook in die werkswinkels sien. By baie is daar 'n soort ongemaklikheid, 'n ek-wil-nie-hier-wees-nie. Enige verandering is immers vir die meeste van ons vreemd. En ons reageer verskillend op hierdie ongemak – sommige trek terug, ander reageer aggressief, sommige maak of hulle blasé is, ander loop uit, sommige projekteer hulle ongemak op ander sake en ander byt die stang vas in eerlike gesprek. Maar dis tog baie duidelik – wie kop in die sand druk word gewoon meegesleur. Mens sal moet stang vasbyt, eerlik *in*kyk en met 'n oop gemoed *uit*kyk. En ons sal net kan begin om ons eie unieke so-maak-ons-hier kultuur te skep as ons aanhou om met mekaar daaroor te praat.

"Ons lewe in 'n tyd waarin geskiedenis gemaak word – nee eintlik veel meer as dit, 'n toekoms word geskep. En die geskiedenis sal leer of ons geskep het, of geskep is."

# ...Bottom Line ...




## Apology

Dewald van Deventer, is a B.Mus. first-year student and not a B Com student as was indicated in the "Disability does not mean inability" article which was published in the previous Informa.

## Publikasie-besonderhede

Informa word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs
Tel: 051 401 2707

**Ontwerp en uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing
Cell: 082 728 4860
Tel: 051 522 1695

**Drukwerk:** Print 24
Tel: 051 433 2763

**Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die Universiteit van die Vrystaat nie.**

informa.stg@mail.uovs.ac.za

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies

Adresplakker

# Die hart van UV-Bemarking



*UV-Bemarking hou spanbou. Van links is mnr. Philmon Pitso, me. Cathy Castagno, me. Makhala Mfokazana, me. Maggie Beukes, me. Paulina Lebatsa en me. Mari Coulter.*

# Kovsies and Maties equal on the sport front



*Kovsies and Maties in action during the recent intervarsity in Stellenbosch. Kovsies won seven of 15 games and had one draw, which meant the Intervarsity ended up in a draw.*

Photograph: Ruan du Plessis (die Matie)